



Nuusbrief 8  
17 Julie 2020

Liewe Swarrie ouer,

Die skool het toe begin vir die graad 7's, later ook die graad R'e en 6'e en nou wonder mens maar oor die res! Soos julle miskien weet, het ons met 'n omgee-program by die skool begin. Die sessies wat in klasverband plaasgevind het, was gemik daarop om die emosionele gesondheid van ons leerders te optimiseer.

Ek wil graag 'n paar dinge uit die program met julle deel. Ek moet erken ek was aangenaam verras oor die leerders se opmerkings en antwoorde. Die groot meerderheid van die leerders vertel dat dit lekker was om by die huis te wees (groot kompliment vir ons ouers). Die laat slaap was 'n bonus en meeste was heelyd honger! Tot my groot verbasing het meeste leerders gesê dat hulle nie hulle maats soooooo verskriklik gemis het nie - sosiale media het sy rol vervul en almal was met mekaar in kontak.

Die leerders vertel dat hulle dit geniet het om tyd saam met hulle gesinne te spandeer. 'n Paar het met mening hulle koppe geskud, en gesê dit is 'n seëning om van hulle gesinne af weg te kom, maar hulle wat so voel, was ver in die minderheid!! Die leerders vertel dat hulle ook verliese in die tyd ervaar het - kos wat duur geword het, ouers wat werk verloor het, party van die leerders het verjaar en kon dit nie saam met hulle vriende vier nie en so meer. Een leerder skryf: 'Ons kry nie swaar nie, maar alles is bietjie deurmekaar'. 'n Ander leerder skryf: 'Dis is moeilik om my sussies die hele tyd rondom my te hê'. 'n Ander leerder skryf: 'Die tyd is stresvol vir my ouers'. Party leerders meen die virus is ook nou nie so erg is nie, en dat dit seker sal verbygaan. Ander het gemeen die virus verwoes lewens en dis die ergste ding wat nog ooit gebeur het.

Ons het gesels oor hoe ons breine werk, hoe ons besluite maak, watter invloed ons optrede op ons gesinne en gemeenskap het en wat kinderregte nou eintlik beteken. Die leerders kon al hulle regte dadelik opnoem, reg tot 'n naam, familie, onderrig, veilige omgewing en so meer. Hulle was bietjie stadiger om hulle verantwoordelikhede op te noem!

### **In hulle terugvoering skryf hulle:**

*'Ek moet my verantwoordelikheid nakom en weet dat enige iets oorwinbaar is'.*

*'n Ander leerder skryf: Ék moet my bydra tot my familie lewer en positief bly'.*

'Ek het geleer ek moet my kant bring'. En maak nie saak hoe rof die lewe is nie, jy moet jou kant bring.

'Ek het geleer net aanhou vorentoe loop as dinge sleg is en ek moenie stilstaan nie al is dit hoe moeilik'.

### Ander terugvoering sluit in:

'Ek moet stop en dink voor ek besluite neem'.

'My optrede het 'n uitwerking op my familie en my skool'.

'My emosies moet my nie beheer nie, maar ek moet my emosies beheer'.

'Ek kan oor emosies praat, al is dit nie altyd lekker nie'.

Almal het pligsgetrou hande ontsmet en hulle maskers aangehou al was dit ongemaklik. Die klasse was maar stil en bedees in die begin, maar soos wat die dae aangegaan het, het die leerders darem bietjie ontdooi.



Ek glo julle sal saamstem dat ons inspirasie kan put uit die woorde van ons kinders. Almal is geweldig onseker in hierdie tye, veral met die toename in besmetting van die Covid-19 virus. Wat ek wel weet is dat die kinders geborge en veilig voel by die skool. Rotsvas en koersvas, nie later nie maar nou!

Groete

**Tia Bosua Gruenenfelder**